

# MISHANDELING VAN 'N BEJAARDE

• Heilbron Kliniek

Mishandeling van bejaardes word as 'n baie ernstige oortreding beskou en is strafbaar met die wet. Daar is verskillende vorms van mishandeling, nie net fisiese mishandeling nie.

## TIPES MISHANDELING:

### 1. Fisieke mishandeling:

Hierdie tipe mishandeling kan verskeie vorme aanneem soos onder andere blatante aanranding, skending van privaatheid, weerhouding van noodsaaklikhede

vir daaglikse lewe en dwangbeheer – die vasmaak van 'n bejaarde.

### 2. Verwaarlosing:

Dit vind plaas wanneer daar nie aan behoeftes voorsien word nie. Swak versorging kan op verskeie maniere plaasvind soos die verkeerde diagnose vir medisyne, swak ongewingshigiëne en die versuim om aandag te gee.

### 3. Psigiese, sosiale en emosionele mishandeling:

Die vorme wat die tipe mishandeling aanneem is

gewoonlik isolasie, onvriendelikheid en die diefstal van geld, klere of besittings.

### 4. Finansiële mishandeling:

Dit vind plaas met die beslaglegging van 'n bejaarde se inkomste en eiendom, afpersing van die bejaarde en onregmatige hoë huur vir losies.

### 5. Seksuele mishandeling:

Dit is die mees bedekte vorm van mishandeling. Vir die professionele persoon is dit baie moeilik om te ontdek en te hanteer. Die bejaarde word ook dikwels bedreig om stil te bly.

## WEERVOORSPELLING

Vr 12 Junie	-1 / 10	Sonlig
Sa 13 Junie	-6 / 14	Sonlig
So 14 Junie	-4 / 15	Sonlig
Ma 15 Junie	-3 / 15	Sonlig
Di 16 Junie	0 / 16	Sonlig
Wo 17 Junie	-1 / 16	Sonlig
Do 18 Junie	-1 / 17	Sonlig
Vr 19 Junie	1 / 16	Sonlig
Sa 20 Junie	2 / 17	Sonlig
So 21 Junie	2 / 17	Sonlig
Ma 22 Junie	2 / 18	Sonlig

# EK HET GEVAL - BEJAARDES

FEZILE DABI DISTRICT  
REHABILITATION DEPARTMENT  
TOKOLO MAFUBE COMPLEX

## Ek het geval

**Ek kan op kom**

Druk jouself op tot op jou elmboë

Skuif tot op jou hande en knieë

Hou aan 'n stabiele oppervlak vas om jouself te ondersteun

Draai na die stoel en druk jouself op tot in 'n staanposisie.

Draai versigtig om en sit op 'n ferm oppervlak

**Ek kan nie op kom nie**

Can ek aandag trek?

- Roep of slaan iets
- Druk jou alarmknoppie
- Gebruik jou telefoon as jy kan

Can ek myself gemaklik maak?

Kry 'n kussing of opgerolde kledingstuk om onder jou kop te sit

Can ek warm bly?

Maak jou self toe met:

- 'n tafeldoek
- 'n kombers of
- 'n matjie

Can ek aan die beweeg bly?

- Verander jou posisie om druksere te vermy
- Beweeg al jou gewigte om styfheid te vermy en sirkulasie aan te moedig
- Rol weg van die nat kol as jou blaas beheer verloor het

Vertaal uit 'I have had a fall' deur Berkshire Health Promotion

# KOMPETISIE TYD BY HERALD

angesien die jagseisoen nou in volle vaart mag wees, het jy kans om te spog met daardie jagfoto wat al geneem is gedurende die jagseisoen. Die jagters staan 'n kans om Amrod klere ter waarde van R750 by Heilbron Herald te wen.

Om in te skryf, volg die volgende eenvoudige stappe en hierdie prys is joune. Stuur jou jagfoto via Facebook-messenger na die Heilbron Herald Facebook blad waarna ons dit op die blad sal laai sodat soveel as moontlik "likes" gewerf kan word. Stuur vir ons 'n beskrywing oor die jagtog, bok en ervaring saam met die foto en jagter se naam en van. Motiveer solank vriende en familie om jou foto te ondersteun. Foto-inskrywings sowel as "likes" sluit 26 Augustus om 08:00 en geen meer foto's of likes word na hierdie datum en tyd meer aanvaar nie. Die wenner sal in die koerant aangekondig word op 28 Augustus 2020.

Vir enige navra skakel Silma by 058 852 3033. Sterkte aan al die deelnemers!

### Bepalings en voorwaardes:

Die deelnemer moet Heilbron Herald se Facebook-blad volg om in te skryf.

Heilbron Herald sal die kompetisie beoordeel, uit die inskrywings wat ontvang is teen 14 Augustus.

Heilbron Herald besluit ten opsigte van diegene wat deelneem en die keuse van die wenner is finaal. Geen korrespondensie met betrekking tot die kompetisie sal aangegaan word nie.

Slegs die foto's op die Heilbron Herald Facebook-blad se "likes" sal in ag geneem word vir die kompetisie.

Enige Facebook reaksie tel vir die kompetisie, dit wil sê: " Like, Love, Care, Haha, Wow, Sad en Angry" gebruik kan word en getel sal word as 'n "like".

Slegs jagters wat geskiet het in 2020 mag vir die kompetisie deelneem.

Die wenner is self verantwoordelik om reëling te kom tref by Heilbron Herald.